Borgwardklub van Suid-Afrika, Suidelike Streek
Borgward Club of South Africa, Southern Region

Mei 2026

# Borgward Nuus / News

## Voorwoord

Ons vier in hierdie tyd ons klub se vyf en sestigste verjaardag en ek vra myself af in hoe ‘n mate het die klub oor die jare in sy mandaat geslaag om lede aan te moedig om hulle motors te restoureer, te onderhou en te vertoon? As ek terugdink oor die byna sestig jaar wat ek lid is van die klub dan kan ek getuig hoe lede van ander klubs by die heel eerste byeenkoms van ou motors in Tokai Forest (dit was nie oop vir die publiek nie) ons karre bewonder het. Dit was in die vroeë sewentiger jare en sedertdien het die restourasie gogga almal gebyt. Die resultaat sien ons vandag by byeenkomste soos die jaarlikse Killarney en George Motorskoue. Ons klub het nie net die saadjie geplant nie, maar ook destyds die standaard vir restourasie daargestel. So het ons deur die jare van krag tot krag gegaan en oor ons grense beweeg om ons kultuur uit te dra in die oumotorbedryf. Ons is ook trots op die feit dat ons een van die vyf stigterslede is van die Kaapse Multiklub Assosiasie, waarby meer as dertig eksklusiewe motor en motorfiets klubs vandag geaffilieer is.

Deur die jare, en vandag nog, het ons gereelde Concours kompetisies op plaaslike en op nasionale vlak en ons eie lede aangemoedig om hulle motors te omskep van ‘n besitting tot ‘n belegging. By die onlangse nasionale saamtrek by Orania het elk van die twaalf motors teenwoordig gekwalifiseer vir ‘n toekenning, waarvan drie Platinum status ontvang het!

Dit is alles moontlik gemaak deur lojale en entoesiastiese lede wat die waarde van saamstaan en om mekaar te help besef en uitleef. Solank ons daar is vir mekaar, is ons klub se voortbestaan verseker.

Ons herhaal ‘n artikel wat in 1986 in ons nuusbrief verskyn het en destyds ‘n terugblik gegee het van die eerste 25 jaar se groei. Sedertdien het daar baie water in die see gevloei en ek dink ons moet ‘n soortgelyke opsomming van die afgelope 40 jaar se doen en late boekstaaf om die geskiedenis van die klub op datum te bring. In baie opsigte het die klub ‘n gedaanteverwisseling ondergaan. Ek sal die aanvoorwerk begin en vertrou dat almal ‘n bydrae sal lewer om dit ‘n volledige oorsig te maak.

Alweer halfpad deur die jaar, kyk ons terug na interessante uitstappies en heerlike saamkuiers wat Kees vir ons gereël het. Hopelik sal die terugvoering by almal die begeerte wek om hulle motors op ons uitstappies te neem om hulle sodoende aan die gang te hou.

Ons verwelkom graag weer ons nuwe lede Chris en Anna-Marie Oosthuisen van Jeffreysbaai. Chris is ‘n afgetrede boer van Lady Grey en het onlangs ‘n 1958 Isabella sedan aangeskaf wat hy besig is om volledig te restoureer. Kyk gerus weer na die foto wat Chris op 13 Mei op ons whatsapp groep geplaas het – so moet dit gedoen word! Almal wat besig is met soortgelyke restourasies, Kobus vd Westhuisen, Herbie Marais, Eddie Cornellison, stuur asseblief fotos en hou ons op hoogte met julle vordering.

Groete. Louis

**_INDEKS/INDEX:_**

*Voorwoord* 1
*Die trein langs Platform 7* 2,3
*Onderdele stoor* 4
*Toe is dit (gelukkig) ‘n Borgward & Meelewing* 5,6
*Krankenwagen & Hendrik Versoek* 7
*The Gorgeous Borgward Isabella Coupé* 8
*“High Tea” & Van die 1986 Redaksie* 9,10
*Ons is 65!!* 11 - 14
*Storie van my pa se kar* 15 - 23
*Nasionale Borgwardsaamtrek* 24 -28
*Lang storie kort & Om oor na te dink (18)* 29

**"Die trein langs Platform 7 ….."**

Op 12 April is ons met 18 klublede in 5 Borgwards, 'n Renault 10 en 2 plastiek karre na 'n dorpie waar daar nog nooit treine of 'n stasie was nie, en tog was ons vir 'n paar uur "tussen treine." Die dorpie se naam is Philadelphia. Nou waar kom die treine dan vandaan? Kom ons begin by die dag toe 12 April gebore is.

Ek en Evert hou nogal daarvan om op 'n mooi dag Philadelphia toe te ry, veral met een van die ou karre – dis net die regte afstand vir sy maandelikse lopie. Ons ry gewoonlik met die pad verby Diemersdal - dis 'n baie mooi "outydse" pad om te ry, en dit voel asof jy ver weg is. Vroeg in Februarie ry ons toe weer soontoe, en ons drink toe koffie met lekker appeltert by die Peppertree Restaurant onder die menèèr van 'n peperboom. Terwyl ons sit en geniet, stop daar 'n pragtige 1977 Rolls Royce en kom die man ook daar sit om iets te eet. 'n Gesprek met hom was natuurlik onvermydelik. Sy naam is Pieter Brink, en hy is 'n ingesetene van die dorpie. Ons sê toe ons is lede van die Borgward klub en dat ons gereeld uitstappies doen na interessante plekke. Dit is net tòè dat hy ons vertel van Bjorn Sagar wat ook in Philadelphia woon en iets baie interessant doen in die huis langs sy huis. Dit is nie oop vir die publiek nie, maar Pieter ken hom goed en het gereel dat ons mag kom kyk. Ek en Evert is toe op 24 Maart na Bjorn toe om hom te ontmoet en alles vas te maak vir 12 April.



Ons het die oggend van 12 April om 10 uur ontmoet by De Werf 1 Stop op die N7 by die Philadelphia afrit. Daar het ons toe eers almal 'n wegneem koffie of tee geniet, sommer so staande tussen die Borgwards. Net na half elf vertrek ons toe na Philadelphia, ongeveer 3 km se ry, en doen toe eers 'n spogrondte deur die ou dorpie. Die kerk het toe net uitgekom, en die lidmate kry toe sommer 'n bonus nà die diens. Toe ry ons na die "geheimsinnige" huis in die nuwe deel van die dorpie. Geheimsinnig, omdat niemand van die lede tot op daardie stadium geweet het wat ons daar gaan sien nie. Ons is hartlik ontvang deur Bjorn en sy vrou Dee, en loop toe vol afwagting deur die tuin na die "huis van geheime". Die lede was aangenaam verras en stom van verbasing toe hulle binne is en dit sien _ 'n gròòt treintafel vir modeltreine, met baie treinspore, huise, stasies, en asof dit nie genoeg is nie, rakke teen die mure, vol met Dinkey Toys, Corgi Toys, en baie ander karretjies, skepe, vliegtuie en nog baie speelgoed. Nadat Bjorn ons een en ander vertel het oor sy stokperdjie en versameling, het hy begin om die treintjies te laat ry. Al gou het ongeveer 8 stelle treintjies gelyktydig gery – sonder om te bots! Die Bloutrein was daar, ander pasasierstreine, goedere treine, diesel lokomotiewe, asook 'n stoomlokomotief,

kompleet met "stoom" uit die skoorsteentjie, die "tjoeke-tjoek" geluid en die bekende fluitgeluid. Terwyl ek so staan en kyk, kom al die treinliedjies by my op – "so ry die trein," "Die trein na Pretoria", "Die trein na Matjiesfontein", ens. 'n Soektog deur al die honderde karretjies vir 'n Borgward het niks opgelewer nie. Na 'n toesprakie deur my oor treintafels, en na ons vir Bjorn



bedank het met 'n sakkie "ete en drinke", was dit tyd om te groet. Ons het na "Platform 7" gegaan, want " die trein langs platform 7, is die trein na Weltevrede" – en ons was almal wel tevrede daar weg.






Nadat ons eers weer 'n spogdraai deur die dorpie gery het, gaan ons toe na De Werf Eenstop Farmstall, waar ons parkeerplekke almal langs mekaar by die ingang van die gebou afgebaken was – mense kon ons karre moeilik miskyk!! Binne die gebou is daar 'n klomp kosstalletjies met kos te kus en te keur!!! Die mense van die De Werf 1 stop wat die parkeerplek op ons versoek so goed gereel het, het ook 'n lang tafel gereel sodat ons almal lekker saam kon sit en eet, elkeen met 'n bord kos van sy of haar eie keuse. Terwyl ons nog so eet, het Pieter Brink, aan wie ons eintlik die dag te danke het, ook nog kom dagsê. As dit nie vir hom en sy Rolls Royce was nie, was daar nie 'n Philadelphia uitstappie nie.








Kees Beekman

## Onderdele stoor

Ons berg nou al vir baie jare tweedehandse onderdele wat die klub hoofsaaklik deur middel van donasies ontvang het. Ek onthou spesifiek een so 'n geval waar iemand in Worcester vir ons 'n motor geskenk het om op te breek. Ek, Falko en Graham het vroeg een Saterdag oggend, met my Datsun Laurel en 'n dubbelas sleepwa wat Robert voorsien het, die pad oor die berg aangepak (die tonnel was nog nie daar nie) om die motor te gaan haal. Ons trek die motor op en eers daarna ontdek ons dat die enjin in die kattebak is wat natuurlik die gewig op die agterkant van die sleepwa plaas. Die bande is slap en ongelyk en ons besluit om maar so aan te piekel tot by die Shell garage teen die N1 net buite Worcester. Daar gekom vind ons hulle banddrukstelsel is buite werking. Ons het nie 'n keuse nie en moet maar die beste van die situasie maak. Daar het die nagmerrie rit begin. Sodra ek vinniger as 60km/h probeer ry het, dan het die sleepwa begin swaai en die kar behoorlik rondgeruk. Ons het 'n paar noue ontkomings gehad en ek dink Falko, wat saam met my gery het, het heelwat ouer geword in die proses. Graham wat die agterhoede gedek het, het dikwels namens ons 'n skietgebedjie opgestuur om te keer dat ons tog net nie verongeluk nie.

So het ons deur die jare versamel en opgegaar en verskeie kere getrek van plek tot plek tot waar ons stoortjie, 'n wendyhuis, vandag in die agterplaas van Jan Daniël staan. Ons het nooit enigiets weggegooi nie en die stoor het behoorlik uit sy nate gebars. Plek vir niks meer nie en moeilik om binne te beweeg tussen die rakke. Dit was hoog tyd om die probleem aan te pak en so het ek, Pierre en John in Maart eendag die stoor gaan deurwerk. In die proses het ons 'n paar ontdekkings gemaak soos 'n "mould" vir die laatmodel agterlig se lense en parte vir 'n diesel enjin nl. 'n dieselpomp en inspuit stelsel. Ons het alles wat opgeroes, stukkend was en van te veel was weggegooi en skrootwerf toe geneem. Alles is nou soort by soort, die plek is netjies en skoon met spasie vir ingeval iets besonders opduik wat definitief bewaar moet word.



Indien enige lid iets kort, kontak gerus vir Pierre.

Louis

NS Namens al die lede wil ons vir Louis, Pierre en John van harte bedank vir die onbaatsugtige werk wat hulle gedoen het om orde te skep in die stoor.

**Toe is dit (gelukkig) 'n Borgward**

Na matriek in 1966 het ek in 1967 by 'n ouditeursfirma in Johannesburg begin "article" en was 'n eie kar hoog op die lys sodat ons nie meer, veral oor naweke, pa se enigste kar, 'n 1963 Studebaker Lark, hoef te leen nie. Ek kon nooit verstaan hoekom hy so moeilik was om hom te gee nie – ek bestuur dan( regtig) beter as hy! Later het ek meer begrip daarvoor gehad – dit was naamlik sy enigste kar, en om dan so 'n jong outjie agter die stuur van 'n V8 los te laat!! 'n Gebruikte 1964 Corsair het die probleem opgelos.

Al gou het die begeerte by my begin spook om eendag "as ek groot is" 'n ou kar te koop, let wel, enige ou kar, nie 'n spesifieke fabrikaat nie. Ek en 'n klompie vriende en vriendinne het begin om na uitstallings van ou karre te gaan, net om te kyk, en te begeer. Daar was nie geld nie, skaars genoeg om die Corsair te onderhou. Een so 'n uitstalling was in 1973 in die Carlton Sentrum in die middestad van Johannesburg. Daar het ek 'n stel whiskey glase gekoop met afdrukke van ou karre daarop, soos op die foto. Ek het toe ook al geweet ek wil eendag 'n kroeg in my huis hê.






Toe ek in 1977 Kaap toe kom, was daar vir eers nie tyd of geld vir ou karre nie – dit was net kappies en nogmaals kappies! Maar, die spook van ou karre het nooit gaan lê nie, en in 1989 het ek besluit ek is nou mooi groot, en begin toe in alle erns soek vir 'n ou kar. Op 'n manier kom ek te hore van 'n ou kar wat te koop is by Cape Car Sales in Brooklyn. Ek gaan toe soontoe, en daar staan hy in sy volle glorie - 'n 1960 metaalsilwer-grys Borgward Isabella vir R9000. Soos op die foto gesien kan word, was hy in 'n baie mooi kondisie. Ek besluit toe, na 'n toetsrit, hy het lank genoeg daar gestaan en koop hom toe. Was dit 'n ander mooi ou kar wat daar gestaan het, sou ek hòm dalk gekoop het. Maar as ek, agterna gesien, dink aan al die vreugde wat dit oor baie jare gegee het om 'n Borgward eienaar te wees asook lid van die klub, dan is dit duidelik dat dit 'n Borgward móés wees.






Ek het die Borgward geniet en geleidelik aan die klub se aktiwiteite begin deelneem, maar elke keer as ek 'n Coupè sien, het ek sò gewens ek kan 'n Coupè koop. Coupè 's is so skaars soos hoendertande, dus het dit maar by wensdenkery gebly, totdat ek op 'n Saterdag vroeg in Mei 1993 " 'n bietjie dom was." Dit het sò gebeur: Ek het soos gewoonlik my weeklikse inkopies by Tygervallei gaan doen, en om tyd te spaar, sou ek sommer van daar na Stodels kwekery gaan vir 'n paar "six packs" saailinge – en daar ry ek toe van Tygervallei af reguit huistoe, skoon vergeet van die kwekery! Ek was de vieste in vir myself, en ry toe van die huis

af met binnepaaie deur Stellenberg na Stodels toe om die Tygervallei drukte te vermy. Toe ek my weer kom kry, staan daar 'n bloedrooi Coupé te koop op 'n groen grasperk by die motorhawe langs die Stellenberg NG kerk. Ek moes twee keer kyk of my oë my nie bedrieg nie! 'n Vinnige draai om die kar en 'n loer deur die vensters om die binnekant te inspekteer, het my laat besef hierdie kar het nèt vir my gewag – hy mòèt eenvoudig myne word! Die saailinge was skielik nie meer belangrik nie, en ek het met Graham Davies gaan praat wat in die werkswinkel doenig was, en op 12 Mei 1993 word ek die dankbare en trotse eienaar van die 1960 Borgward Isabella Coupè. Hoe bly is ek dat ek daardie Saterdagoggend "'n bietjie dom was." Volgens 'n oefening wat Falko gedoen het is ek nou al vir 33 jaar die 11 de eienaar van hierdie bron van vreugde!!



Kees Beekman

**Meelewing**

Ons is gelukkig dat ons die afgelope kwartaal nie baie negatiewe boodskappe van ons lede ontvang het nie. Dit beteken nie noodwendig dat daar nie siektes of ongevalle was nie, maar dan is ons nie in kennis gestel nie. Ons het begrip dat lede dit nie altyd bekend wil maak nie en dit privaat wil hou. Meelewing beteken om te deel in die lief en leed van ons lede – dit is 'n feit dat gedeelde smart is halwe smart, en gedeelde vreugde is dubbele vreugde. As ons bewus is van mekaar se lief en leed, kan ons almal daaraan dink, veral ook in ons gebede . Ons is wel bewus van 'n paar lede wat pyn ervaar en onder behandeling is daarvoor.

Evert gaan nog steeds gebuk onder baie pyn en ongemak, en sal weer in Augustus 'n veloorplanting laat doen om die kol waar sy skedel oop is, toe te maak.

Ria Horn, Hector se vrou, het die dag voor die spitbraai, geval en baie seergekry. Sy het gelukkig niks gebreek nie. Ons het sò daarna uitgesien om hulle by die spitbraai te sien. Hector self verduur steeds baie pyn en dit lê sy mobiliteit baie aan bande.

Eddie het 'n baie groot rugoperasie gehad en daar lê nog 'n tyd van geduld en aanpassing vir hom voor om weer te herstel en sy kragte te herwin.

Sterkte aan almal wat worstel met allerlei kwale en pyne. Ons bid vir krag en 'n spoedige herstel. Johan Smit het gesê: " Om vir God raak te sien te midde van jou nood is een van die heerlikste winste wat 'n siekbed kan oplewer."

Kees Beekman







Interessante fotos wat Hendrik Strydom gestuur het van 'n Borgward Krankenwagen.

**<u>Versoek van Hendrik Strydom</u>**

Hendrik Strydom  wil graag weet of daar klublede is wat moontlik beskik oor inligting veral oor die Isabella met allooi bakpanele waarmee in die laat vyftigs en vroeë sestigs deelgeneem is aan sedanmotorrenne in die Kaap.  Hy  wil graag 'n geskiedenis van daardie motor saamstel, maar dit is baie moeilik omdat die meeste van die betrokkenes reeds oorlede is.  Enige besonderhede oor wedrendeelname, bestuurders, berigte in die pers, foto's, ens. sal met waardering en erkenning ontvang word.

Ondersteuning en aanmoediging vir Dolf Tredoux wat besig is met die herbou van die motor se renenjin, sal ook hoog op prys gestel word.

So 'n projek kan net die aansien van die klub, ook internasionaal, verhoog.

Dankie vir julle aandag aan die saak.

Vriendelike Borgwardgroete,

Hendrik

**The Gorgeous Borward Isabella Coupé**

The name “Isabella” rolls off the lips beautifully and is said to be a tribute to the wife of Borgward founder Carl Borgward, replacing the totally pedestrian “Hansa 1500” moniker that was first mooted for this German Company’s highly rated mid-size sedan range of the 1950s. So it is fitting that the styling of the halo model Borgward Isabella Coupé more than lives up to that promise of feminine appeal when you first lay eyes upon it.

The symmetry between the bonnet, roof and boot section is remarkable, and the sculpted, flared feature on the flanks adds just the right touch of intrigue and gravitas.  In fact, enthusiasts who are aware of the special Isabella version rate this car right up there with another styling tour de force of that same period, Volkswagen’s Karmann Ghia.  Which, by the way, is another beautiful name for a car, albeit one which combines the names of the coachbuilder and  the styling house.

The elegance of the Isabella coupé is actually in stark contrast to the Borgward sedan, which shows distinct elements of a rather ominous East German solidity (thanks to all those spy movies we watched as kids?) and  an overall 1950s conservatism.  But this staid, dated appearance contrasted with the vivid performance by the standards of the day.

The sedans and coupes that survive, some 65 years after Borgward was forced to close up shop in 1961, can still cruise at 120 to 130 km/h all day.




Two beautiful Borgward Isabellas, a coupe and a convertable.

Photo: Stuart Johnston/News24

N.S:  Dit is ‘n kort uittreksel van ‘n nuusblad op Netwerk 24 waar die skoonheid van die Borgward Isabella Coupé besing word.  Die skrywer was Stuart Johnston.  Osmond Davies het dit vir my gestuur met ‘n w/app vanaf sy skerm.

## **"High Tea"**

Kees is 'n man wat hou van verrassings. So is ons Borgward lede na sy huis genooi vir 'n "high tea" die 22ste Maart met natuurlik 'n verrassing daarby. Die dames is gevra om iets te ete te bring saam met die tee. Soet of sout. Dit was jou eie keuse wat jy bring en 'n verrassing vir die ander.

Soos diegene wat verlede jaar ons Sopaand bygewoon het kan onthou, het Kees daardie aand ook 'n verrassing gehad. Dit was die pragtige plekmatjies wat hy laat maak het vanaf foto's van pragtige Borgwardmotors. Dit was 'n treffer.






Met die aankoms by sy huis die Sondagmiddag is ons verwelkom en verras met dieselfde plekmatjies wat sy wit garage deure versier het. 'n Prentjie mooi gesig wat aangevul is met pragtige blomme in sy tuin. Kees spog altyd daarmee dat hy sy tuin natmaak met gieters uit sy tenke waarin hy water opgaar as dit reën. Dit is omdat sy plantjies almal in potte geplant is. Party hang hoog, ander laer en sommige staan op iets gedrapeer om sy tuin in 'n lushof te verander. Blomme in seisoen maak deel uit van sy tuin. Daar is ook wandel paadjies en sit hoekies waar ons kon sit, lekker kuier en gesels.





Ons het lekker tee en\of koffie gedrink. Daar was selfs sjampanje vir die wat wou hê. Eetgoed was daar om van te kus en te keur en die kuier was baie lekker. Die lede was baie goed verteenwoordig met hul gades of metgeselle. Ons is baie dankbaar dat Evert dit ook kon meemaak na sy vel operasies 'n paar dae vantevore.

Kees se gasvryheid, sy pragtige tuin, huis met baie versamelstukke en sy pragtige tee servies maak so ‘n “high tea” werklik iets besonders. Die dames was baie fluks en het sommer gou met die skottelgoed klaargespeel.



Dankie Kees vir ‘n aangename Sondagmiddag kuier by jou aan huis. Ons waardeer dit opreg. Dankie ook aan al die dames wat vir die eetgoed gesorg het. Dit was spesiaal.

Groete Rina

**<u>Van die 1986 Redaksie: Uittreksels</u>**

Dat die klub tot ‘n mindere of meerdere mate ons lewens beïnvloed het is nie te betwyfel nie. In die ergste graad het dit feitlik die spil geword waarom alles gedraai het. Dit het die entoesiasme vir ons motors gestimuleer, ons van ‘n gesonde stokperdjie voorsien en deur die noue kontak met ons motors die waarde van kwaliteit en vakmanskap laat besef en waardeer. Maar die waardevolste was sekerlik die gevoel van samehorigheid en die besef van wat vriendskap beteken. Dink maar hoeveel minder vriende jy sou gehad het en hoeveel minder interessante mense jy sou ontmoet het, was dit nie vir jou verbintenis met die klub nie. Hoeveel armer sou ons nie gewees het nie! Mag wat bereik is dien as ‘n huldeblyk aan dié man aan wie ons ons inspirasie te danke het – Dr. Carl FW Borgward, wie se lewensverhaal soos ‘n sprokie lees en wie se onvernietigbare deursettingsvermoë hom die 2 de keer van vooraf laat begin het toe 80 % van sy fabrieke gedurende die Tweede Wêreldoorlog deur bomme verwoes is. Hierdie man wat ‘n obsessie gehad het om motors te bou en vir wie sy werk sy stokperdjie was. Vir die erfenis wat hy ons agtergelaat het sal hy egter voortleef in sy motors wat deur die duisende entoesiaste dwarsoor die wêreld soos kleinode bewaar word.


*Ek dink hierdie pragtige woorde is vandag, 40 jaar later, nog net so van toepassing op elkeen van ons. Ons stem volmondig saam met wat die klub vir ons beteken.*

**Ons is 65!!**

Dit het alles in 1961 begin, op 2 Junie om presies te wees. Met ons 64 ste verjaarsdag wat met verlede jaar se sopaand saamgeval het, het ons uit 4 ou nuusbriewe die klub se hoogtepunte voorgelees. Dit was baie interessant en het groot byval gevind. Om ons 65 ste verjaarsdag te vier plaas ons 'n berig wat in die November 1986 nuusbrief verskyn het. Dit konsentreer veral op die stigting van die klub en die eerste 25 jaar daarna. By die lees daarvan kry 'n mens weer van vooraf respek vir almal wat so hard gewerk het om die klub te bring tot waar hy vandag is. Geniet die berig!

**"Borgwardklub van Suid-Afrika 'N TERUGBLIK."**

IN 1961, die jaar waarin die laaste nuwe Borgward-voertuie in Bremen vervaardig is, het 'n groepie entoesiaste in Kaapstad besluit dat dit hoog tyd geword het om 'n klub vir die groot aantal Borgward-eienaars te stig met die doel om 'n vriendskaplike verhouding te skep en die bewaring van alle Borgward-voertuie, waaronder ook Goliath en Lloyd getel het, te verseker.




Die stigtingsvergadering is gehou op 2 Junie 1961 aan huis van Mnr Danie De Villiers, Chukkerweg 2, Kenwyn, destyds nog klerk by die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese en eienaar van 'n 1959 Isabella Combi. Die ander stigterslede was mnre Bertie Van der Sandt, 'n werktuigkundige van Bellville, Gerbeau Kotze, 'n klerk by die Trustbank en Danie se broer Jannie, ook 'n motorwerktuigkundige.

Om lede te werf is hoofsaaklik gebruik gemaak van pamflette en was die belangstelling bo alle verwagtinge. Op die eerste algemene jaarvergadering is Gerbeau Kotze verkies tot voorsitter, Danie De Villiers tot sekretaris en Bertie Van der Sandt tot kaptein. 'n Grondwet wat weinig van die huidige een verskil is tydens hierdie vergadering opgestel. Die klubwapen is kort daarna deur Danie ontwerp, wie ook die eerste metaalwapen eiehandig gemaak het. 'n Voorbeeld is tans nog in sy besit.

Maandelikse dag- en naweekuitstappies was besonder gewild en dit was nie ongewoon om 'n konvooi van tot 30 voertuie te tel nie. Nuusbriewe is aanvanklik deur die sekretaris met die hand uitgeskryf en gekopieër. Aangesien die maandelikse vergaderings so goed bygewoon was moes dit by hotelle of ander publieke vergaderplekke gereël word.

Tydrenne is van tyd tot tyd met welslae gereël en vir die insameling van fondse is kerrie-aande, danse, filmvertonings en loterye gehou. Deur onderhandelings met verskeie onderdele-handelaars en -firmas kon lede diens en onderdele teen spesiale tariewe bekom. Aangesien daar geen skaarste aan onderdele was nie, het die klub self geen onderdele in voorraad gehou nie.

Ter afsluiting van die jaarlikse aktiwiteite is 'n dans- en kersfunksie vir die kinders gereël in die ontspanningsaal van die Selesian Sportklub in Groenpunt wat vir verskeie jare gratis tot die klub se beskikking gestel was.

Die klub se eerste tikmasjien was 'n antieke Remington wat deur 'n lid, mnr Kosie Smit, geskenk is. Nuusbriewe kon voortaan getik en gedupliseer word op 'n gebruikte Rex Rotary afrolmasjien wat aangekoop is.

In November 1966 is ledegeld van die aanvanklike R3,00 na R7,00 per jaar verhoog. Hierdie bedrag het 'n metaalmotorwapen van die klub ingesluit. Kort daarna kon lede ook spog met 'n pragtige klubsakwapen van ingevoerde materiaal wat op 'n vlootblou baadjie na vergaderings, ens. gedra is.

Die eerste Concours d'Elegance is gehou op 29 Januarie 1967 te Zandvlei, Muizenberg, en het sedertdien 'n jaarlikse instelling word. Valvoline, wat genader is, het 'n trofee sowel as houers olie as pryse geskenk.

Naweekkamperings by die skilderagtige Marina Strandmeer naby Hermanus, het baie gewild geword en is dikwels gereël. Die motorbote van Danie en Jannie De Villiers was dan ook 'n besondere aantrekkingskrag vir plesierritte en waterski op die meer en die aande om die kampvuur is hoofsaaklik Borgward gesels.

Die gewildheid van die klub het gaandeweg toegeneem en gedurende die jaar 1967/68 is nie minder as 25 nuwe lede gewerf nie. In 1969 is 'n damesvereniging onder leiding van Danie se vrou, Lydia, gestig om te help met fondsinsamelings en die voorbereiding van verversings by funksies.

In April 1969, nadat die Borgward agente, Van Roux Motors in Johannesburg, uitverkoop het en Clows BMC die Borgward onderdele oorgeneem het, word besluit dat die klub sy eie onderdele-voorraad moet aanskaf en na onderhandelinge met die nuwe agente vertrek 'n paar afgevaardigdes met 'n Isabella na Johannesburg om die transaksie te finaliseer. Aangesien die klub nog oor geen stoorfasiliteite beskik het nie moes onderdele tydelik deur die sekretaris tuis geberg word.

In 1972 styg die ledetal landswyd asook S.W.A. en Rhodesië tot 70. In September word 'n 1958 Isabella aangekoop en onder leiding van Robert Schepel voorberei vir deelname aan stampmotorwedrenne vir 4 – Silinder motors wat deur Somerset-Wes Jaagduiwels gereël is. Robert Schepel is eenparig as renjaer vir die klub gekies en tydens die eerste byeenkoms behaal hy 'n eerste-, tweede- en derde plek. Private Borgward inskrywings het onder andere die volgende ingesluit:

Johannes Ellis (1956 Hansa 1500)
Graham Davies (1958 Isabella – met Volvo masjien)
John Falconer (Isabella Combi)
Ken Chatterley (Isabella Combi)

Almal het besonder goed gevaar en menige oorwinning behaal teen mededingers soos Alfa Romeo, Opel, Cortina, Peugeot, Anglia, Mazda, ens. Die seisoen word op 'n hoë noot afgesluit en Robert Schepel behaal die tweede plek algeheel na die Cortina van André Frylinck wat deur 'n Mazda – RX2- masjien aangedryf was.

In Oktober 1974 verhuis een van ons lede, Herman Engelbrecht, van Kaapstad na Bloemfontein en onder aanmoediging van die groot aantal Borgward entoesiaste daar stig hy die Borgwardklub van die O.V.S. Die nuwe klub gaan van krag tot krag en het 2 jaar later 'n ledetal van 41. Deur noue samewerking tussen die twee klubs tot albei se voordeel, word die vriendekring aansienlik uitgebrei en om koste laag te hou en duplisering uit te skakel word dieselfde klubwapens, ens. gebruik.

'n Groot deurbraak op die gebied van onderdele was die gratis beskikbaarstelling deur mnr D J Smit van 'n ruim kelder vir bewaring. Daar was nou genoeg ruimte sodat wrakke aangekoop en vir bakdele gesloop kon word.

Op uitnodiging van die Lions Klubs van  Parow en Brackenfell neem die klub deel aan die "WHEELS 76" -Motorskou in die sale van Goodwood se Skouterrein.  Van Isabella's tot 6-Silinder sedans en Borgward Bussies word uitgestal en wek verbasend baie belangstelling by die publiek.  In die jare daarna is ons dan ook gereeld na soortgelyke skoue uitgenooi.

In Mei 1976 maak die klub kontak met die Borgward Interessengemeinschaft van Duitsland – 'n klub wat in 1974 gestig is en reeds 'n paar honderd lede sterk was.  'n Baie goeie vriendskapsband word gesmee en noue kontak deur korrespondensie gehandhaaf.  Kort hierna word ook met die Borgward Owners Club van Amerika kontak gemaak en vriendskapsbande uitgebrei.  Albei hierdie klubs word belangrike verskaffers van plaaslike onverkrygbare onderdele.

'n Groot stap voorentoe was die verskyning van die eerste uitgawe van ons nuusbrief in sy huidige formaat in April 1979.  Dit was 'n geweldige verbetering op die briewe wat tot op daardie stadium uitgestuur is.  Aanvanklik kon geen firma gevind word om die drukwerk en duplisering te doen nie, maar gelukkig het Louis van Jaarsveld tot die redding gekom en dit by sy werk laat doen.  Hy is dan ook eenparig tot Redakteur verkies.

Op die gebied van hervervaardiging van onderdele onderhandel Graham Davies namens die klub met Plate Glass in Port Elizabeth en word 'n vorm vir die vervaardiging van windskerms vir die Isabella Koepee gemaak.  Hierdie onderdeel was nooit tevore hier beskikbaar nie en dit wek selfs in die buiteland belangstelling.

Tydens die jaarvergadering op 14 Augustus 1979 word Mnr D J Smit eenparig tot Ere-President van die klub verkies.  Hy was reeds jare 'n steunpilaar waar dit by regsaspekte kom en het veral die klub se finansiële belange op die hart gedra.  In 1980 laat hy op eie koste 'n nuwe onderdele stoor oprig toe die gebou waarin die bestaande stoorkelder was, gesloop moes word.  Vir die eerste keer het die klub nou oor 'n netjiese en permanente stoorruimte beskik teen die minimale huurgeld van R5,00 per maand.

In Mei 1980 verwerf die klub (na die kommersiële uitstalling van Wynns produkte) die 2 de prys vir sy uitstalling op die "FANCY WHEELS" – Motorskou.  Ook by die Multiklub-braai in Maart verower  Graham Davies met sy Isabella Koepee die prys vir die bes gerestoureerde voertuig onder al die motorklubs en het die klub reeds die reputasie vir restoureerwerk opgebou waarna ander kan streef.

Gedurende Januarie 1981 word kontak gemaak met die Borgward Drivers Club in Engeland en die vriendekring verder vergroot.

Intussen word samesprekings gevoer met die Borgwardklub van die O.V.S. ten einde beter samewerking te verkry en word 'n voorstel oorweeg om 'n oorkoepelende bestuur daar te stel waaronder die klubs as streke sou opereer.  Dit word egter verwerp weens praktiese redes.  Daar word egter besluit dat albei klubs voortaan die naam van S.A. sal gebruik met die toevoeging van Noordelike- en Suidelike Streek daaragter.  Verder word ook een gesamentlike nuusblad in die vooruitsig gestel.

Om lede van albei klubs bymekaar te bring word 'n Nasionale Saamtrek oor die Paasnaweek in 1982 by die gewilde vakansieoord by die Hendrik Verwoerddam gereël.  'n Gesamentlike Concours d'Elegance en vergadering maak deel van die aktiwiteite uit met die bekende motorhistorikus en Borgwardvriend, Fred Schnetler, as koördineerder.  Dit word 'n reuse sukses met dekking deur die S.A.T.V. en word o.a. besluit dat dit voortaan 'n 2-jaarlikse instelling moet word.

Ten einde ‘n oorsig te kry oor die getalle nog bestaande Borgward Goliath en Lloyd voertuie word ‘n register geopen en registrasievorms aan alle bekende eienaars gestuur. Met ‘n berig in hierdie verband wat in die tydskrif “CAR” verskyn het kon verdere voertuie opgespoor en lede gewerf word.

Intussen word verneem van klubs wat in Skandinawië gestig is en maak ons vriende met die Svenska Borgward Klubben van Swede asook ‘n klub in Noorweë. Ongelukkig skep die taalverskille ietwat probleme met betrekking tot die inhoud van nuusblaaie, maar kan korrespondensie in Duits en Engels gevoer word.

In Julie 1983 word die klub lid van die “SOUTH AFRICAN MARQUE CLUB ASSOCIATION”, ‘n vereniging wat hom beywer ten voordeel van alle enkelfabrikaat motorklubs in die land. Die belangrikste voordeel lê daarin dat die klub nou motorversekering aan lede kan bied vir die werklike waarde van ‘n voertuig in plaas van boekwaarde van algemene motorversekering.

Onder leiding van die Crankhandle Klub word daar in April 1984 gedurende die Kaapse Fees ‘n Multiklub-Motorskou en karnavaal gereël. Ten spyte van die ongunstige weer is dit ‘n groot sukses en word dit ‘n jaarlikse instelling wat goed deur die klub ondersteun word en besondere belangstelling by die publiek wek.

Wêreldwyd neem Borgward entoesiasme steeds toe en word verdere klubs gevorm. So kan die klub sy vriendekring steeds uitbrei en word betrekkinge aangeknoop met die nuutgestigde Lloyd Freunde Nord van Hamburg, Duitsland, die Dansk Borgward Klub van Denemarke, sowel as die Borgward Club Austria. Oral word ons as vriende aanvaar en internasionale betrekkinge verbeter. Die uitruil van Videomateriaal van klub-aktiwiteite, ens. help verder om horisonne te verbreed, begrip en kennis uit te brei en die entoesiasme verder te laat groei.

Tydens die Maynardville Multiklub-Motorskou in April 1985 word weereens bewys dat die klub se restourasiewerk van die beste is en word Petrus Bosman beloon met die eerste prys vir sy 1958 Isabella in die Afdeling vir motors 1941 – 1960.

Die Nasionale Saamtrek oor Paasnaweek 1986 by die Hendrik Vervoerddam word vir die eerste maal internasionaal verteenwoordig deur Mnr Klaus Walter van die Borgward Interessengemeinschaft van Duitsland. Hy raak gou bemind onder almal wat hom leer ken en stem in om ons saam met Fred Schnetler as beoordeelaar by die Concours op te tree. Tydens daaropvolgende prysoorhandigingsfunksie oorhandig Klaus, in opdrag van Hartmut Loges, Voorsitter van die Duitse Klub, ‘n eretoekenning as blyk van die opregte waardering vir die vriendskapsband wat oor die jare opgebou is. In sy bedankingsrede spreek Dr Danie du Toit die hoop uit dat ander lede van die oorsese klubs, Klaus Walter se voorbeeld sal volg en gee die versekering dat alles moontlik gedoen sal word om hul verblyf hier so aangenaam moontlik te maak.


Aangesien die bestaande stoorruimte vir die berging van veral gebruikte onderdele intussen onvoldoende geword het, word naarstiglik na addisionale ruimte gesoek. Nadat alle pogings onsuksesvol blyk, slaag Graham Davies daarin om twee vertrekke op ‘n kleinhoewe, wat sentraal geleë is, te bekom en kan daar in April 1986 ingetrek word.

Te oordeel aan die klub se ledetal wat steeds aan die toeneem is en strek tot in Australië lyk die toekoms rooskleurig en kan die volgende 25 jaar beslis met optimisme tegemoetgegaan word.

# Storie van my pa se kar

## Inleiding

Soos baie van ons het my reis met Borgward by my pa begin, net soos sý reis by sý pa begin het. Hierdie is die enigste foto wat ons het van my Oupa se Borgward, geneem in ongeveer 1968. Hoewel my pa op die plaas met trekkers en bakkies geleer bestuur het, was hierdie Borgward van sy pa die eerste kar waarmee hy op die pad bestuur het. Ons sal nou nie sê of hy al ‘n lisensie gehad het of nie...



## Eerste Liefde, 1968

My pa het sy 1ste Borgward, ‘n 1961 sedan, in 1968 vir presies R350 gekoop. Hy was lig- grys en hy het hom laat oorverf in die gewilde ligblou/wit kombinasie.  Mens kan sê dit was sy se eerste liefde. Hierdie foto is in Tulbach geneem by ‘n tydelike huis kort na die 1969 aardbewing.




My pa moes ongelukkig hierdie kar verkoop, maar het toe in 1973 vir R100 ‘n netjiese Borgward met ‘n onklaar enjin gekoop wat hy laat herstel het, en dit is dan ook die kar waarmee ek grootgeword het, en waaroor ek julle vandag gaan vertel.

## Die Groot Trek1979

My pa het 'n grondverskuiwings besigheid uit Moorreesburg bedryf. 'n Groot gedeelte van sy inkomste was gegenereer deur boere se landerye voor te berei, kontoerwalle te vestig, opknap ens. Die groot droogte in 1978, en die impak wat dit op die boere gehad het, het 'n direkte invloed op sy besigheid gehad – van so 'n aard dat hy moes tou opgooi. Hierdie foto is by sy huis in Moorreesburg geneem kort voor hy, en my ma en my suster sak en pak moes terugtrek Transvaal toe, waar hy grootgeword het, en waar sy reis met Borgward begin het. Dis nou nadat hy vir hom 'n goeie vrou hier in die Kaap kom haal het…






Êrens by 'n vulstasie , oppad na die groot Transvaal.

Op Burgersfort is waar my storie begin. In die tyd kon my pa se kar (regs) nou en dan saam met sy broer s'n gesien word.




## 1986-1999 Kinderjare, glorie jare

Die aantreklike knaap in die rooi pakkie, is die uwe - geneem rondom 1986. So was die Borgward altyd deel van die groot gebeurtenisse in ons familie. Geen idee waarvoor my broer so deftig aangetrek is nie, maar dit moes uit die aard van die saak 'n groot affêre gewees het…



In ongeveer 1990 is die kar oorgedoen en het rooi geword, maar steeds was die Borgward sentraal. Hier pronk sy agter my ouer broer met sy 12de verjaarsdag in 1991



In **1999** trou my suster.



In die agtergrond staan ons 1958 Kombi, maar meer oor haar in 'n latere nuusbrief...



## 2000-2008 Afdraande pad

My suster en haar man het in Pretoria gebly, so my ouers het nie hulle kleinkinders gereeld gesien nie. Wanneer hulle kom kuier het was die Borgward altyd 'n gewilde item op die plaas, amper meer as die trekkers en groot oop spasie. Hier is een van die vele geleenthede wat oupa sy kleinkinders vir 'n  plesierrit vat. (Julie 2009).



Hoewel die kar oppervlakkig nog goed gelyk het, en nog maklik kon rondrits, het sy nie meer baie lewe oorgehad nie. Die jong dae, met ritte langs die kus, en die nat en warm somers in Bugersfort het die roes aangejaag, en daar was nie meer keer nie, haar dae was getel.

## 2008-2025 'n bittersoet einde.

Ek het in 2003 aan die Universiteit van Pretoria gaan studeer. Daar ontmoet ek toe 'n oulike Kaapse meisie, en ons is in 2008 getroud.

Êrens rondom 2009 koop ek en my pa 'n kar in Pretoria om te gebruik as nuwe basis  om sy kar op oor te plant. Ons laat die vloere uitsny en vervang, asook die hele kar teen roes behandel.



In 2010 trek ek en my vroutjie Kaap toe om nader aan haar ouers te wees voor ons met 'n familie begin. My pa het die kar later vir ons op 'n sleepwa Kaap toe gebring, steeds met alle intensie om haar weer tot haar voormalige glorie te herstel. Ons het egter op daardie stadium

in ‘n klein huisie gebly, met  enkel motorhuis, en geen finansies om aan die kar te werk nie. My vrou se oom het op ‘n plot buite Wellington gebly, en ons het die kar daar laat stoor.

Die lewe loop toe ‘n vreemde en hartroerende draai met my ouers en my pa se kar. My pa was in ongeveer 2009 die geleendheid gebied om die einste huis, waar hy en my ma gebly het kort na hulle troue, en van waar hulle Burgersfort toe getrek het, terug te koop.  Dit is die  einste huis waar die vroeëre foto geneem is.  Hulle het toe kort na ons ook teruggetrek Kaap toe, en die kar is Moorreesburg toe gebring sodat ons daar aan haar kon werk.

In 2014 het my pa genoeg geldjies kon bymekaarskraap om die basis wat ons 5 jaar gelede in Pretoria gekoop het, asook die modderskerms en deure van sy kar saam te laat oorverf. Uiteindelik het dit gevoel of die projek begin momentum kry.






Hier, my oudste (2), wat nou al 14 is, wat saam met sy oupa die belangrike dinge van die lewe bespreek…



Vir die volgende klein rukkie het my pa gedoen wat sy beursie hom toegelaat het.










Ongelukkig het die finansies en gesondheid nie toegelaat vir die projek om ooit wesenlik verder te vorder nie, en my pa se kar en die nuut oorgeboude basis het net verder agteruitgegaan. Hierdie foto's van my pa se kar (buite onder groen seil) en die bedoelde nuwe basis (onder blou seil) uit 2023 is omtrent die hele verhaal van 2015-2025






Nadat ons gered het wat ons kon, het my pa se kar, vir die laaste keer, op 10 Junie 2025, die erf in Moorreesburg verlaat om opgesny en herwin te word.



Gedeeltes van haar leef voort in die basis wat haar redding sou wees. Daardie projek is op 30 Julie 2025 in die bekwame hande van oom Kobus van der Westhuizen oorgegee...



## Nuwe Begin.

In Mei 2025 het oom Hector Horn een van sy projekte aan my toevertrou, vir wie my vrou die naam Tiffany gegee het. (die ander vrou). Hierdie projek gaan goed aan, en ek en al 3 my kinders werk elke geleentheid wat ons kry om haar te restoureer en hopelik ook eendag deel te maak van die "groot dae" in ons familie.




Volg hierdie projek, stap vir stap op YouTube

https://www.youtube.com/@BigHammerLittleHammers

Herbie Marais




# Nasionale Borgwardsaamtrek 2026




## Hartlike welkom by die Nasionale Borgwardsaamtrek op Orania

Dis ons Klub se **65 ste verjaarsdagviering** en dit is 'n voorreg dat u in hierdie feestelikheid kom deel.

## *Geniet die samesyn!*

## Program:

### 21 Mei



**15:00** Almal ontmoet by Vanderkloofdam se parkeerterrein aan die damwal se Suidekant.
**16:00** Reis in konvooi na Orania se: Aan die Oewer Oord.
**17:00** Akkommodasie word toegedeel
**18:30** Almal versamel by die piekniekterrein vir die verwelkoming en die braai. (ingesluit)

### 22 Mei

**Tot 8:00** Ontbyt by restaurant (eie rekening)
**9:00 tot 12:30** Dorpstoer en besoek Verwoerdhuis (gratis)
**13:00 tot 14:00** Vetkoek en maalvleis Piekniek (ingesluit)
**14:30 tot 16:00** Loertoer-gymkana daarna
Karre voorberei/ eie tyd
**17:00 tot 18:30** Vlotvaart op die rivier (eie rekening)
**19:00** Aandete in restaurant (eie rekening)

### 23 Mei

**Tot 8:00** Ontbyt (eie rekening)
**8:00 tot 9:30** Karre was/ Damesaktiwiteit
**10:00 tot 13:00** Concourse/ Beoordeling/Fotos
**13:00 tot 14:00** Gatsby piekniek (ingesluit)
**15:00** Spesiale voorlegging/Damesaktiwiteit
**16:00 tot 17:30** Vergadering/ Damesaktiwiteit
**19:00** Gala aand en prysuitdeling (ingesluit)

### 24 Mei

**7:00** Afsluitingsdiens en groet
**Tot 9:00** Ontbyt (eie rekening)
**10:00** Almal vertrek



## Tema:

Die tema van Saterdag se piekniek is "Gatsby". U bring u eie kombers en piekniekgerei. Trek aan soos in die 20"s en 30's. U uitrusting, en piekniek word beoordeel.

**NASIONALE BORGWARDSAAMTREK ORANIA 21-24 MEI 2026**

Met al die storms in die Breëriviervallei en paaie wat weggespoel het, begin ons toer na Orania op 19 Mei via die Paarl.

Op 20 Mei begin die Suidelike uittog vanaf Paarl, Durbanville, Malmesbury en George oor verskillende roetes. 3 Coupe's oornag in Carnarvon, 'n Coupe en 'n Combi oornag in Victoria Wes en die Lloyd hou reguit aan na Orania. Donderdag 21 Mei vertrek ons vanaf Victoria Wes op die laaste skof. Ongeveer 10km vanaf Hopetown merk ons in die truspieël dat die ander 3 Coupe's ons ingehaal het, en watter pragtige gesig, 4 Coupe's en 'n Combi in gelid oppad na die eindbestemming. Vanaf Hopetown tot by Orania was die pad 'n uitdaging met slaggate links, regs en in die middel van die pad.

Die Suidelike streek arriveer eerste op Orania en ontvang ons blyplekke se sleutels. Dit gee ons genoeg tyd om rustig af te pak en 'n bietjie te ontspan.

In die verwelkomingspakkie wat ons ontvang, is daar heelwat geskenke soos lekker beskuit (van Rina), 'n wit en pienk Borgward pet, sleutelhouer (van Borgward Boyzz) handreiniger, lappe, 'n pragtige gedrukte program en items om die Gatsby tema mee op te kikker.
Ons heg die geskiedenis van die Borgward Boyzz aan. Altyd lekker om die entoesiasme van die jonger geslag te sien.

Volgens die program wat ons ontvang het, sien ons dat die volgende paar dae propvol aktiwiteite gaan wees. Hierdie byeenkoms is nie net 'n Nasionale Saamtrek nie, maar ook die viering van ons klub se 65ste bestaansjaar, die oudste Borgwardklub in die wêreld.

Ons vergader vanaf 18h00 op die lieflike grasperk teenaan die Oranjerivier, wat geruisloos verbyvloei, vir 'n heerlike braai. Dit is wonderlik om weer al die bekende vriende te sien en ook die nuwes te ontmoet. Pieter verwelkom almal en spesiaal vir diegene wat vir die eerste keer 'n saamtrek bywoon. Willem se skoonseun, Waldo, open die verrigtinge met skriflesing en gebed.



22 Mei: 9h00 kom ons bymekaar by die ingang van Aan de Oewer om saam na die middedorp te vertrek. Hier word ons in 2 groepe verdeel wat met 'n bussie 'n dorpstoer onderneem. Die groep wat nie op die bussie is nie, stap na die Verwoerd gedenkmuseum, waar 'n kleinseun van Carel Boshoff ons ontmoet en deur die huis neem. (Daar was verlede jaar 'n artikel in Borgwardnuus waar beide hierdie toere beskryf is). Na die toer het ons tyd vir lekker koffie en koek by 'n oulike Delli/Koffiewinkel met die naam Melk en Heuning. Daarna gaan ons terug na Aan de Oewer vir 'n lekker vetkoek met maalvleis middagete wat weer op die grasperk genuttig word.

Tyd vir rus is daar nie. Om 14h00 deel Willie 'n aanwysing en vraelys uit vir die Loertoer. So tong in die kies moet ek erken dat dit nie my gunsteling tydverdryf is nie. Dit voel altyd soos 'n egskeiding wat wag om te gebeur, omdat in ons geval, is daar ietwat van 'n gehoor probleem en dit lei tot baie frustasie, maar tog was dit heel prettig.
Met ons terugkoms by Aan de Oewer het die tyd aangebreek vir die manne om hul motors skougehalte te kry vir die Concours D' Tat die volgende oggend.
Ons aandete was by die restaurant en terwyl ons vir die geregte, volgens elkeen se smaak, gewag het, het Wille en Japie ons besig gehou met 'n paar rondtes Bingo.



23 Mei: Die groot dag van die byeenkoms breek aan en 10h00 begin die parkering van die motors vir die Concours. Daar is 12 motors in totaal nl: 6 Coupes; 2 Combis; 2 Sedans; 1 TS; en 1 Lloyd.
Die Gatsby-tema word deurgevoer na die Concours en almal, mans en dames, is fyn uitgevat in hul 1920/30's uitrustings.
Onder leiding van Louis het die beoordelaars, Piet en Ettienne, met die reuse taak van beoordeling begin. Willem en Paul het Piet en Ettienne se motors beoordeel.



Ons mooie Borgwards het gesorg vir ‘n groot opskudding op die dorp en Radio Orania het gekom om ‘n onderhoud met Pieter te voer. Daar het ook heelwat inwoners kom kyk na die motors.




Ons was ook verras toe Hendrik Verwoerd en sy vrou Alida ons kom besoek het. Hy het vertel dat sy pa, Dr Verwoerd, ook ‘n Borgwardeienaar was, en hyself het ook ‘n Combi en ‘n Sedan besit.

Soos die uitnodiging na die byeenkoms gelui het, moes ons gereed wees vir ‘n Gatsby Piekniek wat beoordeel sou word. Pieter het dit goedgedink om hul vriendin, Rianda, te vra om haar keuses te maak vir die volgende kategorië: Individu - Man en Dame; Paartjie en Uitstalling. Dit was maar moeilik om te kies, want almal het regtig moeite gedoen om so periode-getrou as moontlik te wees. Elize en Japie Jnr het gesorg vir die heerlike kospakkies. Alles was mooi verpak in groen en rooi polkadot dosies vir elkeen.
Terwyl ons lekker geëet en gekuier het, het Willie ons weer besig gehou met ‘n raaisel. Hierdie keer was dit raai, raai wat is in die Vroetelkous. Daar was verskeie kouse waarin motoronderdele was wat gevoel moes word om te raai wat is binne-in versteek. Die manne het lekker kopgekrap.



Na ete het die manne bymekaargekom vir die tweejaarlikse vergadering. Die dames het ‘n ander aktiwiteit gehad. Elize het ons kreatiwiteit op die proef gestel en met verf, prentjies en houtbordjies het sy ons gewys hoe om ‘n oulike klein muurhorlosie te maak.



En toe is dit tyd vir die hoogtepunt van die byeenkoms – die prysuitdeling. Ons vergader weer in die restaurant en almal wag in spanning vir die verrigtinge om te begin. Om die senuwees so ‘n bietjie te kalmeer deel Willie weer ‘n vraelys uit met vrae oor ou registrasie nommers en motorembleme. Hy noem dit Riepsie Raai. So word daar lekker kop gekrap veral met die registrasienommers van die ou Provinsies. Daar was baie verskillende pryse wat toegeken is en hier is die wenners:

Loer Toer Willem en Waldo Dames projek Ilse en Rentia
Vroetelkous Johan Sleepwa Koning Willie en Japie (Lloyd)
Riepsie Raai Ettienne en Loutjie Verste gery Rentia
Oorspronklikste motor Ettienne Dames Keuse Willie en Japie (1)
Netjies & Skoonste motor Piet Piet (2)

GATSBY PIEKNIEK WENNERS







Individueel Mans Waldo
Dames Magda

Paartjies Willie en Japie
Chris en Annemarie
Kok Familie

Piekniek Uitstalling Johan en Amanda



En hier is waarvoor julle almal gewag het, die groot wenners van die Concours D' Tat volgens die beoordeelaars:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Brons** | Japie van Rooyen Snr | Combi | **Silwer** | Deon van Zyl | Coupe |
| | Johan Bruce | Coupe | | Koos Kruger | Sedan |
| **Goud** | Paul van Wyk | Combi | **Diamant** | Louis van Jaarsveld | Coupe |
| | Louwtjie Naude | TS | | | |
| | Willem Kok | Coupe | | | |
| **Platinum** | Piet Kotzé | Coupe | | | |
| | Willie v Zyl & Japie v Rooyen | Lloyd | | | |
| | Evert Schluntz | Coupe | | | |





Volgens Louis was die puntetelling vir Platinum die hoogste ooit en twee Platinum Wenners het 100% behaal nl. Piet Kotzé se Coupe en Willie & Japie se Lloyd.
Daar was besluit dat die afsluitingsdiens na die aand se verrigtinge sal plaasvind aangesien heelwat lede vroeg wou vertrek. Dit is waargeneem deur Marina, Willem se dogter wat 'n leraar in hul gemeente is. En toe was dit tyd om te groet.

Ter afsluiting moet ons bieg dat geen toer na 'n Nasionale Saamtrek heeltemal probleem vry is nie. Alhoewel ons almal goed gery het, was daar 'n paar klein jakkalsies. Ons het verneem dat Louis oppad 'n probleem gehad het met 'n "fan blade" wat gebreek het, maar soos jul weet, 'n boer maak 'n plan. Dit was net een deel van die "blade" en om dit weer te laat balanseer, het die helpers die ander deel ook afgesaag.
Piet het 'n Knormoer probleem gehad en moes telkens 'n hupstootjie kry.
Johan het twee papwiele gehad. Die eerste een was op ons parkeerplek by Orania die oggend voor die Concours. Die tweede was oppad terug net voor Williston. Gelukkig was Louis, Piet en Deon daar om hand by te sit.
Julle wonder seker waarom Rentia die prys vir die langste afstand gekry het. Die 4 Coupe's uit die Kaap se afstande was so te sê dieselfde en is daar besluit om die name in 'n hoed te gooi, Piet se naam is getrek, maar aangesien Rentia sy motor bestuur het, en dit baie geniet het, is die prys aan haar oorhandig.

Hiermee bedank ons vir Pieter en Elize Botha en ook vir Willie en Japie wat waarlik die byeenkoms glad laat verloop het. Nou kan ons uitsien na nog 'n heerlike saamtrek in 2028.

Johan en Amanda Bruce

LoerToer word geborg deur die *Borgward Boyzz*

## Die Geskiedenis van die
# BORGWARD BOYZZ

Die storie van Borgward Boyzz begin by 'n gedeelde passie vir die meesterlike ingenieurswerk en ryk nalatenskap van Carl Borgward. Hierdie diep liefde vir die historiese Duitse handelsmerk is aanvanklik gekweek deur Japie van Rooyen se pa. Sy eie entoesiasme het as die vonk gedien wat sowel Japie, sy seun, asook Willie van Zyl, sy skoonseun, geïnspireer het en 'n lewenslange bewondering vir hierdie unieke voertuie bewerkstellig het.


Gedrewe deur hierdie inspirasie het Willie en Japie kragte saamgesnoer om Borgward Boyzz te stig. Hulle kernmissie is duidelik: naamlik om voertuie uit die volledige historiese reeks van die Borgward-groep op te spoor, te bekom, eiehandig en met sorg op te bou en vir toekomstige geslagte te bewaar. Dit gaan vir hulle nie net oor die besit van die motors nie, maar ook oor die instandhouding en bewaring van waardevolle motorgeskiedenis.

Vandag spog die indrukwekkende Borgward Boyzz-stal reeds met 'n unieke versameling wat die volle spektrum van Carl Borgward se historiese handelsmerke verteenwoordig:

- **Borgward Isabella Coupé TS** – Die ikoniese, vaartbelynde meesterstuk uit die 1950's.
- **Borgward Isabella Coupé TS Cabriolet** – 'n Seldsame en uiters gesogte oopdak klassieke motor.
- **Hansa** – 'n Verteenwoordiger van die baanbreker modelle wat die vroeë na-oorlogse jare gedefinieer het.
- **Lloyd Alexander TS** – Die sjarmante, kompakte dwergmotor wat destyds die massas op die pad gekry het.
- **Goliath Coupé** – 'n Unieke en stylvolle model uit Borgward se innoverende driewiel- en kleinkar-stal.

Benewens die bou en uitbreiding van hul eie privaat versameling, is Willie en Japie ook diep gewortel in die breër motorgemeenskap. As aktiewe lede van die nasionale Borgward-klub speel hulle 'n leidende rol om die handelsmerk se vaandels hoog te hou. Hulle kennis en ervaring met mede-entoesiaste te deel en te verseker dat die nalatenskap van Carl Borgward nooit in die vergetelheid sal raak nie.



## Lang storie kort.

Op Donderdagaand 30 April was 4 lede van die Borgward Klub deur middel van John Mc Ewan, wat ook ‘n lid is van die Early Ford Club, gaste van daardie klub op hulle tegniese aand. Die 4 lede was Hennie en Murray asook Evert en die uwe. Ons is gevra om met 2 ou karre te kom en dan ‘n praatjie te gee oor die karre. Murray en Hennie het met ‘n 1948 Mercedes Benz 170 gekom wat Murray sowat 20 jaar gelede pragtig vir iemand gestoureer het. Die 2 karre was in die klubhuis ingetrek, en Murray het ‘n baie interessante praatjie gelewer oor die kar se tegniese eienskappe en die restourasie. Ek moes met die 1965 Mercedes Benz 230 SL (Pagoda) kom en
ook ‘n praatjie lewer. Ek begin my praatjie met hierdie stelling: “Vanaand gaan daar in hierdie klubhuis iets gebeur wat seker nog nooit gebeur het nie – iemand wat nog nooit aan ‘n kar se engine gewerk het nie, en nog nooit onder ‘n kar gelê het nie, gaan ‘n praatjie lewer oor hierdie kar.” Gelukkig het ek in my “motormuseumpie” waar my 2 ou karre staan ‘n tydskrif waarin daar ‘n padtoets van die einste kar was. Dit het my darem stof gegee vir my praatjie. Voor die praatjies het ons ‘n lekker Boerie geëet met ‘n “nattigheid” daarby, en daarna ‘n koppie boeretroos. Ons sê dankie vir John en die Early Ford Club.

Kees Beekman





## Om oor na te dink (18)

1. ‘n Kalm see het nog nooit ‘n ervare seeman gemaak nie
2. ‘n Negatiewe gesindheid sorg nooit vir ‘n positiewe lewe nie.
3. Die wêreld sal nie vergaan as jy onbereikbaar is nie.
4. Alles hoef nie ‘n rede te hê nie.
5. Die omvang van ‘n seekoei bewys dat jy nie gewig verloor as jy net groente eet nie.
6. Ek lyk soos my pa, maar die dokter sê dit sal nog regkom.
7. Nie elke dag sal goed wees nie, maar daar is wel iets goeds in elke dag.
8. Ek het gelees dat rook en drink sleg is vir jou gesondheid. Ek het toe maar opgehou om te lees.
9. Herinner gister. Droom oor môre. LEEF vandag.
10. Ek het net ‘n probleem met dobbel as ek verloor.
11. Jy kry denkers en jy kry doeners. Die ergste is die denkers wat dink dat hulle iets doen.

Kees Beekman

**Nuusbrief Redaksie:**

**Kees Beekman (082 579 0527)** – beekman@cosmoprop.co.za
**Louis v Jaarsveld (083 687 8486** – Lvjaarsveld@mweb.co.za